# Jaarverslag 2025

NPO 056-543

# *Meer oor ons*

Landsdiens is ‘n omgewingsbewuste jeugorganisasie waarby enigeen kan aansluit. Ons het ‘n nasionale voetspoor en streef daarna om ‘n liefde te kweek vir die omgewing asook om ons land se natuurlike hulpbronne te beskerm. Toegewydheid vorm deel van die karakter van elke Landsdiener en word op alle vlakke prakties uitgeleef.

Ons waardes is liefde vir **God**, liefde vir ons **Medemens**, liefde vir die **Omgewing** en liefde vir **Arbeid** wat daarop gemik is om die jeug se talente en geestelike groei te ontwikkel om hulle toe te rus met die vaardighede om uitdagings en probleme op ‘n dag tot dag basis te kan hanteer. Waardering en respek vir ander word by Landsdienslede aangemoedig.

Landsdiens dra daartoe by dat inwoners van ons land ‘n verskil kan maak: lede is verantwoordelik, lojaal, selfversekerd, besit die nodige lewensvaardighede en hulle toon inisiatief. By Landsdiens ondersteun en lei ons die jeug na ‘n gebalanseerde volwasse lewe.

# *Visie*

‘n Landsdienslid is iemand wat omgee, gewillig is om betrokke te raak en op te tree in omgewingsake. Landsdiens is ‘n leefwyse en ons lede skep ‘n beter omgewing vir almal. As trotse Suid-Afrikaners, **SAL** hulle ‘n verskil maak.

# *Missie*

Landsdiens is ‘n omgewingsbewuste jeugorganisasie. Ons streef daarna om die jeug toe te rus met bestuursvaardighede en om die omgewing te bewaar. Die gebruik van opvoedkundig-gebaseerde aktiwiteite en tegnieke word ingespan om hierdie doel te bereik.

# *Kontak ons*

**Amanda Calitz | pro@landsdiens.co.za**

# Uit die pen van die Nasionale Voorsitter

Die grondwet, of selfs die visie en missie van 'n standvastige organisasie, word nie sommer verander nie. Só ook nie dié van Landsdiens nie.

Dit is egter my voorreg as Nasionale Voorsitter van 'n merkwaardige jeug organisasie, wat meer as 111 jaar bestaan, om te verseker dat die Landsdiens organisasie se visie en missie steeds geëer word deur ons jongmense toe te rus met die vaardighede en kennis wat hulle nodig het om die omgewing in sy totaliteit te verstaan, met respek te hanteer en te bewaar.

Met verskeie opvoedkundige aktiwiteite en daaglikse praktiese omgewingsgerigtetegnieke, is die jeug geleer om verantwoordelikheid te neem vir die wêreld waarin hul woon. Landsdiens streef steeds daarna om die jeug tot die besef te bring dat elke klein aksie, selfs hoe gering, 'n impak op die omgewing om ons kan hê.

Die uitdaging lê egter daarin om te verseker dat die organisasie steeds relevant is in 'n vinnig veranderde omgewing en om deurentyd groei te bewerkstellig. In 'n omgewing waarin tegnologie voorkeur kry en slaafs nagevolg word deur die jeug, staan normes, waardes en die neem van verantwoordelikheid, agter in die ry van prioriteite.

Die jeug is die boustene van ons toekoms en daarom is dit belangrik om hul groei en volhoubare ontwikkeling te verseker deur hul betrokke te hou by 'n organisasie soos Landsdiens.

Innoverende denke, nuwe idees en 'n vars uitkyk was dus die wegspringplek waarmee Landsdiens ons kinders, tieners en jong volwassenes betrek het om 'n omgewing en generasie van omgee-mense te kweek gedurende 2025.

Die toekoms is nie verseker; uitdagings sal daar wees; oorwinnings sal daar ook wees.  Die sleutel tot volhoubaarheid lê egter in die kwaliteit mens wat die organisasie se goue draadjie is, dit wat alles bymekaar hou. In ons organisasie is die goue draadjie die groot groep vrywilligers wat as gevolg van hul liefde vir Landsdiens, die wa deur die drif trek. Dis mense wat opdaag en letterlik in wind en weer, elke keer met 'n glimlag en 'n moedige hart aanmeld.

Aan die groep mense, sê ons dankie.  Julle werk en toewyding het groot impak. Ons sallueer jul.

2025 was ’n besondere goeie jaar vir ons organisasie.

Ons ledetal het gegroei tot 12 446, meer as 363 teenoor 2024.  Nuwe klubs het soos sampioene opgespring en ons kyk met dankbaarheid terug na die afgelope jaar.

Met groot verwagting sien ons uit na 2026.

’n Lewensbestaan van 111 jaar is ’n mylpaal waaraan duisende Landsdiensers van reg oor Suid-Afrika gebou het en dit motiveer ons huidige lede om steeds harder te werk, uit die boks te dink en te verseker die organisasie groei in hart en siel.

Alle eer aan ons Hemelse Vader vir die geleentheid wat Landsdiens aan lede bied. Ons ervaar Sy seën deurentyd op alles wat ons doen – reg oor ons pragtige land.

Landsdiensgroete



Heleen Human
Nasionale Voorsitter
Landsdiens

# Ons Waardes: Aktiwiteite en Projekte

Landsdiens streef daarna om 'n generasie te bou wat ons waardes en doelwitte sal uitleef met oorgawe tot diensbaarheid. Ons streef daarna om ons lede te bemagtig, hul as leiers te ontwikkel en 'n generasie van mense te kweek met integriteit.

By Landsdiens is liefde die kern van ons werk—Liefde vir God ons Skepper, ons Omgewing, Medemens en die Arbeid wat ons verrig. Gedurende die jaar is verskeie aktiwiteite en projekte deur klubs aangebied om ons doel te bereik.

Hiermee 'n vinnige terugblik op 'n paar aktiwiteite wat gedurende 2025 aangebied is:

**Liefde vir God**

- Spesiale lofprysings- en aanbiddingsgeleenthede.
- Gesamentlike pogings tydens alle kampe om preke, lofprysing en aanbidding in te sluit.

**Liefde vir Medemens**

- Skoene is ingesamel, mooi gepolitoer en uitgedeel aan primêre- en sekondere leerders. Dit is vergesel met 'n splinternuwe paar kouse.
- Lede het in hospitale, in die pediatriese- en kinderafdeling gaan werk. Klein take wat die las van mediesepersoneel verlig het, is deur die kinders hanteer.
- Lede ontferm hul oor 'n bejaarde. Dit sluit in gereelde besoeke waarin hulle lekker saam met die oupa of ouma kuier. Hul lees vir hul boek, pak hul kaste reg, versorg hul hande en voete – dus 'n omgee-persoon vir die bejaarde.
- Blikkieskos aan Kerke en noodspense.


**Liefde vir Omgewing**

- Boomidentifisering en aanplant van spekbome.
- Skoonmaakaksies binne dorpe, skole en DBV's.
- Groentetuine: Plantjies wat geskenk is, is in groentetuine aangeplant en versorg. Verskeie instansies word onderhou met groente uit die tuine.

**Liefde vir Arbeid**


- Opruimingsaksies in dorpe en skole.
- Deelname aan skoonmaak van museums (Monumentbewaring).

# Lede: Provinsiale Vlak





**Totaal geregistreerde ledetal: 12 446**


# Nasionaal: Aantal klubs | Laer- en Hoërskool





# Nasionaal: Aantal leerders | Laer- en Hoërskool



## Provinsiale Indeling: Aantal lede




## Nasionaal: Aantal Vrywilligers | Manlik & Vroulik



# Waarna sien ons uit in 2026

2026 lê op die horison en loer vir ons Landsdienslede. Ons sien met verwagting uit na ’n vol en besige jaar.

- Ons Handleiding wat 111 jaar oorleef het, het soos ’n goeie ou motor, ’n paar verstellings nodig. Hoofbestuur pak die groot taak aan met die doel om die dokument relevant te hou en te verseker die motor hardloop vir ‘n verdere 100+ jaar. Die span van hoofbestuur beplan om die reuse taak finaal deur te draf gedurende ’n goeie bosberaad.
- Bemagtiging van ons volwassenes is hoog op ons prioriteitslys. Opleiding word beplan vir klubleiers en ander volwassenes ten opsigte van die veranderde Handleiding; die opleiding sal gedurende die jaar tydens verskeie geleenthede plaasvind.
- Kort aanlynsessies sal verseker volwassenes het genoegsame geleentheid om opleiding by te woon, vrae te vra en vertroud te raak met die dokument.
- Verdere opleiding ten opsigte van die sentrale databasis sal ook aan volwassenes gebied word.
- Algemene Jaarvergaderings van die tien Provinsies, word in Januarie tot Februarie beplan. Tydens dié geleenthede sal daar ook deur Voorsitters aandag aan opleiding gegee word aan volwasse lede op klubvlak.
- Nuwe klubleiers kan uitsien na ’n stel inligtingsdokumente wat die A tot Z bevat, om ’n suksesvolle klub op die been te bring.
- ’n Groot droom is dat Landsdiens steeds, en selfs meer oor die lippe van Suid-Afrikaners sal vloei: Aksies ten opsigte van meer bewusmaking en bemarking sal die lig sien.
- Sosiale media in die hande van ons onkundige jeug, laat rooi ligte aangaan. Inligtingsessies deur professionele persone op die gebied met ouers ten opsigte van die gevare van sosiale media, word beplan.
- Vroeg in 2026 is daar Provinsialebestuursverkiesings in vier provinsies.
- Klubkampe se reëlings is reeds besig om vorm aan te neem.
- Tien Provinsialekampe word gedurende Junie/Julie beplan.
- Nasionalekampe vir 2026 vind onderskeidelik plaas in Kwazulu-Natal en die Suid-Kaap.
- Weeklikse aktiwiteite vind deurentyd plaas – Tema vir die jaar is **Liefde vir God ons Skepper.**